

DIE ONTSTAAN VAN DIE NEDERLANDSCHE BANK EN CREDIETVEREENIGING VOOR ZUID-AFRIKA, 1888. VESTIGINGSPROBLEME IN PERSPEKTIEF*

Grietjie Verhoef

Randse Afrikaanse Universiteit

SUMMARY

The establishment of the Nederlandsche Bank en Credietvereniging in South Africa. Establishment and further perspective

The Nederlandsche Bank en Credietvereniging was established in the Zuid-Afrikaansche Republiek in 1888 amidst the attempts of the government to establish a national bank in the country. Several other banks had established themselves in the country, but the ZAR government was suspicious of them because of their imperial connections. The economic situation in the ZAR was very bad after the war of 1881-1882 and the government was seeking loyal financial institutions to support the reconstruction of the ZAR. The *NB en CV* was established as a Netherlands bank in Amsterdam, operating in the ZAR when they failed to obtain the concession for the national bank, it was nevertheless decided to remain operative in the ZAR. The bank had difficulties with managers in the ZAR, but once the management structure was formalised and functioning effectively, the bank achieved considerable success. The bank started with capital of £200 000, of which £50 000 was issued. The bank conducted the normal commercial banking business, but cautiously avoided involvement in the speculative gold industry. Insufficient working capital hampered the bank's activities throughout the period until 1902. Capital was put at the disposal of the *NB en CV* by its Amsterdam Management, but even that did not fully relieve the shortage of capital. By 1902 the bank had four branches in the ZAR and showed a comparatively higher annual compound growth in its deposits and loans and advances than the far bigger Standard Bank. The war caused the British authorities to ban the *NB en CV* Chief Agent from the Transvaal, but after 1902 the bank was allowed to continue its operations, although on a restricted basis.

Inleiding: Die ekonomiese omstandighede in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en Nederland, ca. 1888

Die ekonomie van die ZAR was teen die middel van die negentiende eeu baie swak ontwikkel. Vooruitgang is bemoeilik deur faktore soos 'n gebrek aan regstreekse toegang tot die see, konflik met Swart omringende gemeenskappe, droogtes, swak landbougrond, plaë en veesiektes en die afwesigheid van markte, fisiese infrastruktuur en finansiële instellings om ontwikkel-

* Hierdie artikel is geskryf met die toestemming van mev. A.M. Joubert wat verantwoordelik was vir die navorsing oor die *NB en CV*, 1888-1902, vir die Nedbanknavorsingsprojek wat deur die Departement Geskiedenis aan die Randse Afrikaanse Universiteit onderneem is, 1984-1986.

lingsfondse te voorsien.¹ Die burgers en die regering van die ZAR was ook nie juis ingestel op die gebruikmaking van dienste van finansiële instellings nie. Die onbestendige ekonomiese bestaan van die meeste burgers het hulle aan die beweeg gehou en daardeur bygedra tot die vertering van hulle kapitaal.² Die skaarste aan geld of betaalmiddel en/of goedere wat te gelde gemaak kon word, het waarneembaar die lewe van die burgers en die staat beïnvloed. Nogtans was die pioniersbestaan van die burgers in Transvaal steeds op 'n geldeconomie gebaseer en nie op suiwer ruilverkeer, soos wat dikwels aanvaar word, nie. Daar moes dikwels oorgegaan word tot ruilhandel by gebrek aan wettige betaalmiddel, maar dit was 'n tydelike verligtingsmeganisme.

Konstruktiewe vooruitgang in die volkshuishoudings van die Kaap, Natal en die Vrystaat, het reeds as gevolg van die ontdekking van diamante in die laat jare 1860 begin, maar die ZAR het met finansiële vraagstukke bly worstel, totdat goud in 1886 ontdek is.

Die ZAR was 'n ekonomies geïsoleerde gemeenskap vasgevang in 'n bouse kringloop waarin onontwikkelde, stagnerende lande van die wêreld hulle dikwels bevind: die lande is arm omdat hulle nie produksiefaktore van elders kan invoer nie en hulle is ook nie aantreklik vir buitelandse beleggers nie. Die verbreking van hierdie kringloop vind net plaas met die ontstaan van geheel nuwe en baie winsgewende produksie- en uitvoeremoontlikhede. Die ontdekking van bodemskatte gee dan dikwels aanleiding tot die toevloei van buitelandse produksiefaktore en gevolglik vinniger ontwikkeling.³ Die groei van die goudmynbedryf en die snel ontwikkelende dinamiese mark in Johannesburg het die ZAR in staat gestel om die kringloop van sy kommersiële isolasie te verbreek.

Reeds kort na die anneksasie van Transvaal in April 1877, het die *Standard Bank* 'n tak in Pretoria geopen en kort daarna in Lydenburg, Potchefstroom en Heidelberg. Vanaf 1 Junie 1878 is die Britse owerheid in Transvaal se rekening na die *Standard Bank* oorgebring.⁴ Ander banke wat in die Transvaal sake gedoen het teen 1877, is die *Cape of Good Hope Bank*, die *Cape Commercial Bank* en die *Natal Bank*. Na die sluiting van die Pretoriakonvensie in 1881 het die *Cape of Good Hope Bank* gesluit en sy bates so spoedig moontlik te gelde gemaak, die *Cape Commercial Bank* was op die punt van likwidasie en die *Standard Bank* het sy bedrywighede beperk tot een tak. Die regering van pres. S.J.P. Kruger het by gebrek aan 'n ander instelling sy sake by die *Standard Bank* gehou. In Junie 1883 het die Volksraad die Uitvoerende Raad gemagtig om 'n tydelike ooreenkoms met die *Standard Bank* aan te gaan vir 'n oortrekking van £20 000 vir 'n tydperk van ses maande. 'n Ooreenkoms is vir vyf jaar aangegaan waarna dit met wedersydse instemming hernu kon word.⁵ Die *Standard Bank* was vir 'n lang tyd uiters versigtig ten aansien van sy werksaamhede, omdat die bank baie krities gestaan het teenoor pres. Kruger se fiskale beleid. Die bank was bewus van die groot skuldilas waarmee die Boereregering te doen gehad het, en was bedag daarop om hom by die eerste tekens van 'n finansiële ineenstorting aan Transvaal te onttrek. Hoop is gevestig op die, na die *Standard Bank* se mening, nie té ongunstige bepalinge van die Pretoriakonvensie, aangesien moontlike kompensasie vir oorlogskade sou kon bydra tot die stabilisering van die handel en nywerheid.⁶ Die *Standard Bank* was veral bevrees dat die Krugerregering uit desperaatheid sy

P.J. van Winter, *Onder Krugers Hollanders*, I, p. 1; S. Trapido, "Reflections on Land, Office and Wealth in the South African Republic, 1850-1900" (in S. Marks en A. Atmore (reds.), *Economy and Society in Pre-Industrial South Africa*), p. 358.

2. A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, I: Wordingsjare*, p. 11.
3. Vgl. bv. M.H. de Kock, *Selected Subjects in the Economic History of South Africa*, p. 113.
4. TAB, SS283, R1792/78, Omsendbrief van Tesourie, 27/5/1878.
5. E.H.D. Arndt, *Banking and Currency Development in South Africa (1652-1927)*, p. 347.
6. SBA, GMO 3/1/11, General Manager - London Office, 5/8/1881, pp. 877-878; P.J. van Winter, *Onder Krugers Hollanders*, I, p. 43.

toevlug tot papiergelduitgifte sou neem. Die voorwaarde waarop die bank ingestem het om in Transvaal te bly was dat nie oorgegaan sou word tot papiergelduitgifte nie.⁷ Die bank het later tog sy permanensie aanvaar en het op 'n goeie voet met die Regering verkeer.

Die Boereregering het egter steeds die ideaal gekoester om 'n eie nasionale bank te stig, vry van Britse invloed. Die Regering het aanvanklik hard probeer om in Nederland hulp te kry vir sy na-oorlogse skuldilas⁸ en later ook vir die oprigting van 'n nasionale bank. Die opvatting was dat 'n bank wat kort- en langtermynkrediet kon verskaf; die oplossing vir baie van die regering se probleme sou wees. Net soos die verkryging van 'n eie spoorlyn na Delagoabaai, was die verkryging van 'n eie nasionale bank hoog op die prioriteitslys. Die land het nie self oor die bronne of kundigheid beskik om 'n eie bank op te rig nie en staatsprokureur E.J.P. Jorissen en Kruger was van mening dat Nederland die aangewese weg was waardeur die ideaal verwesenlik sou kon word.

Die onderhandelings met die oog op 'n nasionale bank vir Transvaal het in 1881 reeds begin toe Jorissen via die *Algemeen Handelsblad* die *Nederlandsche Handel-Maatschappij (NHM)* se aandag gevestig het op die moontlikheid van 'n handelsbank in Transvaal, met 'n hoofkantoor in Nederland en 'n hoofagent in Transvaal. Die *NHM* het ook weldra 'n aansoek aan die ZAR-regering voorgelê ter verkryging van die konsessie om 'n nasionale bank in Transvaal op te rig.⁹ Die *NHM*-aansoek het reeds in November 1881 voor die Volksraad gedien,¹⁰ maar toe geen amptelike reaksie teen April 1882 ontvang is nie, het die *NHM* die Volksraad in kennis gestel dat die maatskappy nie verder belanggestel het in die oprigting van 'n bank in Transvaal nie.¹¹ Hoewel die Regering in beginsel die bankkonsessie reeds aan die *NHM* toegeken het, het daar in Februarie 1882 nog 'n ander skema voor die Volksraad gedien. Dit was 'n voorlegging van enkele vooraanstaande burgers wat op Heidelberg besluit het om 'n eie bank te stig. Onder hierdie burgers was die ouditeur-generaal, die tesourier-generaal, die vise-president en ander lede van die Uitvoerende Raad.¹²

Tussen 1882, toe die *NHM*-voorstel voor die Volksraad gedien het, en 1891, toe die konsessie vir die nasionale bank uiteindelik toegeken is, is sewentien verskillende aansoeke om die bankkonsessie deur die Volksraad oorweeg.¹³ Uiteindelik is die konsessie op 5 Augustus 1890 deur die staatsekretaris, onderworpe aan goedkeuring deur die Volksraad, onderteken. Dit is toegeken aan 'n sindikaat van Labouchère, Oyens en Kie van Amsterdam en dr. Willem Knappe, van Berlyn.¹⁴ Die *Nationale Bank van de Zuid-Afrikaansche Republiek* het op 15 April 1891 tot stand gekom met opbetaalde kapitaal van £502 000, verdeel in 200 aandele wat soos volg verdeel is:¹⁵

-
7. SBA, GMO 3/1/11, General Manager - London Office, 22/4/1881, p. 493.
 8. Vgl. die skrywe van E.J.P. Jorissen, staatsprokureur, aan die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Vereeniging (NZAV); NZAV-Argief, Personen, Instellingen en Activiteiten, 1881-1886, VI/1, Instellingen: Correspondentie met de Regeering en de Deputatie van de ZAR, 1881-1884, Jorissen - NZAV, 9/7/1881.
 9. P.J. van Winter, *Onder Krugers Hollanders*, I, p. 43.
 10. TAB, SS641, R2150/82 en R703/83, Applicatie van de Nederlandsche Handel-Maatschappij voor Concessie tot Oprichting van de Nationale Bank, 5/8/1881.
 11. TAB, SS641, R1633/82, NHM - Staatsekretaris, 2/2/1882 en R2959/82, NHM - Staatsekretaris, 4/4/1881.
 12. TAB, SS697, R42909/82 en R5724/82, Buskes - Vise-president, S.J.P. Kruger, 19/9/1882; *De Volksstem*, 26/4/1882.
 13. Vgl. A.M. Joubert, "Die Geskiedenis van die Nederlandsche Bank en Credietvereniging, 1888-1902" (M.A.-verhandeling, RAU, November 1986), pp. 54-90.
 14. Notule van die Volksraad, Saterdag, 9/8/1890, Art. 1229; TAB, SS2293, R17104/90, Konsessie van die *Nationale Bank*, 12/11/1890.
 15. E.H.D. Arndt, *Banking and Currency Development in South Africa*, p. 378.

John Henry Schröder & Kie, Londen	140
Berliner Handelsgesellschaft, Berlyn	40
Labouchère, Oyens en Kie, Amsterdam	20

200 aandeel

Presies dit wat pres. Kruger wou verhoed, nl. dat Britse belange die bankwese in Transvaal oorheers, is bevestig deur die toekenning van die konsessie vir die nasionale bank aan bogemelde sindikaat.¹⁶

Ten tye van die mededinging om die nasionale bank se konsessie te verkry, het die bankwese in Nederland ook 'n periode van struktuurverandering ondergaan. Daar het twee nuwe soorte finansiële instellings in Nederland ontstaan. Dit was kredietverenigings (credit-vereëning) en hipoteekbanke. Eersgenoemde was gerig op kredietverlëning aan klein- en groothandelaars en nyweraars wat nie normaalweg verhandelbare dokumente hanteer het nie. Die kredietvereëning het kliënte se promesses verdiskonteer en uiteindelik by die *Nederlandsche Bank, N.V.* herverdiskonteer. (Lg. was die sentrale bank in Nederland).¹⁸

In navolging van die Franse *Crédit Foncier* in 1852, wat nywerheids- en handelsfinansiering verskaf het,¹⁷ het in dieselfde periode ook twee hipoteekbanke in Nederland tot stand gekom, nl. *De Nationale Hypoteekbank*, geskoei op die Franse lees, en *De Nederlandsche Hypoteekbank*, wat krediet op hipoteek aan eienaars van onroerende goed en sake-ondernemings toegestaan het. Hierdie finansiële instellings het krediet verleen ten aansien van onroerende goed en het aanvanklik met grond in Oostenryk gespekuleer.¹⁹ Beide die kredietverenigings en die hipoteekbanke het gou suksesvol sake gedoen en was teen 1880 goed in Nederland gevestig. Verskeie faktore het daartoe bygedra dat Nederlandse bankiers/sakelui belangstelling in die ZAR sou ontwikkel en uiteindelik sou besluit om ook 'n kredietvereëning en 'n hipoteekbank daar te vestig.

Sedert die tweede helfte van die negentiende eeu het 'n redelik groot aantal Nederlanders hulle in die ZAR kom vestig. Grond was nog vryelik beskikbaar en na die verkiesing van T.F. Burgers as president, het die emosionele verbintenis van liberale Nederlanders met Burgers, wat vanweë sy studiejaar in Utrecht beskou is as "onzer een", verder bygedra tot Nederlandse migrasie na die ZAR.²⁰ Die Britse anneksasie van Transvaal in 1877 en die sukses van die Eerste Vryheidsoorlog, 1880/1881, het verder meegewerk tot Nederlandse belangstelling in die ZAR. In April 1881 is 'n omsendbrief van die *Utrechtse Hoofd-Comité* en die *Amsterdamse Transvaal-Comité* uitgestuur waarin die oprigting van 'n vereëning bepleit is. Dié vereëning moes die werksaamhede van tydelike kommissies wat hulle hulp aangebied het met die ontwikkeling van Transvaal se hulpbronne, landbou, nywerheid en handel, oorneem. Op 12 Mei 1881 is die statute van die *Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Vereëning (NZAV)* bekrag-

-
- Vgl. A.C.M. Webb, "The National Bank and the Quest for Financial Independence by the South African Republic" (Referaat gelewer voor die Tweejaarlikse Konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereëning, Johannesburg, Januarie 1985).
 - K.E. Born, *International Banking in the Nineteenth and Twentieth Centuries*, pp. 72-79.
 - I.J. Brugmans, *Begin van Twee Banken - Uitgegee ter Geleënhed van het Eeuwfeest van de Rotterdamsche Bank en de Nationale Handelsbank*, 1963, p. 53; I.J. Brugmans, *Paardenkracht en Mensenmacht: Sociaal Economische Geschiedenis van Nederland*, pp. 265-266.
 - I.J. Brugmans, *Twee Banken*, pp. 54-55; I.J. Brugmans, *Paardenkracht*, p. 266.
 - J. Stuart, *De Hollandsche Afrikanen en Hunne Republiek in Zuid-Afrika*, p. 307; N. Mansvelt, *De Betrekkingen tusschen Nederland en Zuid-Afrika sedert de Verovering van de Kaapkolonie door de Engelschen*, pp. 113-114; G.J. Schutte, *De Hollanders in Krugers Republiek, 1884-1899*, p. 13; P.J. van Winter, *Onder Krugers Hollanders*, I, p. 29.

tig. Die NZAV sou as orgaan dien om Transvaal se behoeftes te bepaal en leiding te gee aan voortgesette hulpverlening.²¹

Emigrasie van Nederlanders na Transvaal kan tweeledig verklaar word. Enersyds was daar sprake van Nederlandse “kulturele imperialisme”: teen die agtergrond van die verswaking van Nederland se posisie in Europa en die bedreiging wat Bismarck se Duitsland ingehou het, het onder die dekmantel van stamverwantskap die gedagte dat Nederlandse invloed, taal, kultuur en herwonne Bataafse glorie in Transvaal aan die suidpunt van Afrika sal kon bly voortleef, sterk op die voorgrond getree. Andersyds het die oplewing van moderne kapitalisme teen ongeveer 1880 ekonomiese oplewing in Nederland bewerkstellig. Daar was verhoogde nywerheidsontwikkeling, modernisering in die ekonomie en ’n soeke na nuwe markte vir die uitvoer van goedere en kapitaal.²² Voorts is die Nederlandse betrokkenheid by die handel met en algemene ekonomiese bedrywighede in Oos-Indië teen 1884 in ’n groot krisis vasgevang: die suikerprys op Java het onverwags skerp gedaal en gewasverbouers en kredietinstellings het groot verliese in die gesig gestaar. Verskeie Nederlandse banke en maatskappye moes spoedig spesiale reëlings tref om te verhoed dat hulle ondergaan. Die werklike knou in beleggersvertroue het gevolg op die likwidasië van die eens magtige Britse *Oriental Bank Corporation* in Mei 1884.²³ Nederlandse beleggers en bankiers het gevolglik hulle belangstelling toenemend van Oos-Indië afgewend en Transvaal as moontlike alternatiewe begin oorweeg. Net minder as twee jaar na die Javaanse suikerkrisis is goud in Transvaal ontdek. Dit was genoeg motivering vir Nederlandse bankiers om te besluit om die in Nederland suksesvolle kredietverenigings en hipoteekbanke ook in Transvaal te kom vestig.

Vooruitsigte vir winsgewende sake in Transvaal het dus na 1886 baie verbeter. Terselfdertyd het ’n redelik groot Nederlandse bevolking hulle reeds in Transvaal bevind - hetsy betrokke by pres. Kruger se regering hetsy by eie sakebedrywighede. In 1887 het die NZASM, die *Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij* ook die konsessie vir die bou van die Delagoabaaispoorlyn en ander spoorverbindinge in Transvaal verkry.²⁴ In 1884 was die Kruger-regering ook nog ernstig op soek na geskikte belange om die konsessie vir die oprigting van ’n nasionale bank toe te ken. Terwyl die deputasie van Transvaal in 1884 in Nederland was om hulp en leiding te soek ten aansien van onder andere die oprigting van ’n nasionale bank, het mnr. A.D. de Marez Oyens, hoofdirekteur van die firma Labouchère, Oyens & Kie, hulle ook ontmoet en met advies bedien. Oyens en sy vriende in Nederland was sterk ten gunste van die oprigting van ’n bank in Transvaal. Die enigste voorwaarde was dat dié bank tot die uitsluitlike voordeel van Nederlandse belange moes wees. Daar was geen twyfel meer oor die potensiële lewensvatbaarheid van ’n bank in Transvaal nie en in die lig van die grootskaalse betrokkenheid van Nederlanders oor die ganse spektrum van bedrywighede in Transvaal, was die vestiging van ’n Nederlandse bank in dié gebied eintlik vanselfsprekend.

Die stigting van die Nederlandsche Bank en Credietvereniging (NB en CV)

Die eerste toetsing van die klimaat is gedoen deur Oyens en mnr. R.W.J.C. van den Wall Bake, hoofdirekteur van die NZASM. Dié twee here het beperkte fondse tot die beskikking van Nederlandse sakemanne in Pretoria gestel om die finansiële klimaat te toets. Die proeflopies

21. G.J. Schutte, *De Hollanders in Krugers Republiek*, p. 18.

22. *Ibid.*, pp. 19-26, 39.

23. W.M.F. Mansvelt, *Geschiedenis van de Nederlandsche Handelsmaatschappij*, pp. 415-416.

24. Vgl. P.J. van Winter, *Onder Krugers Hollanders*, II, p. 198; G.J. Schutte, *De Hollanders in Krugers Republiek*, p. 18.

het besonder bevredigende resultate gelewer en uit die aanvanklike beskeie pogings het die *NB en CV* tot stand gekom. Kort voor die oprigting van die *NB en CV* het Oyens self die moontlikheid ingesien om die konsessie vir die nasionale bank te verkry en sy eie weg gegaan. Dit bly egter steeds baie moeilik om presies vas te stel wie verantwoordelik was vir die stigting van die *NB en CV*. Die name van twee lede van die *NZAV*, Oyens en Bake, en verskeie name van lede van die komitee wat die Transvaalse deputasie in 1884 te woord gestaan het, is aan die vestiging van die bank gekoppel.²⁵

Die betrokkenheid van lede van die *NZAV* by die stigting van die *NB en CV* kan verklaar word aan die hand van die *NZAV* se navraag by pres. Kruger na moontlike hulpverlening aan die Republiek ná die oorlog. Die staatssekretaris het in sy antwoord terloops opgemerk dat daar 'n behoefte aan 'n bank bestaan het. Die *NZAV* het gevolglik dr. H.F. Jonkman gestuur om presies vas te stel wat die aard van die behoefte aan 'n bank was. Jonkman het ten tye van sy ondersoek in Transvaal ook die Volksraadkommissie geadviseer ten aansien van sy ondersoek na bankkonsessies. Jonkman se verslag aan die *NZAV* het baie bygedra tot beter begrip in Nederland van Transvaal se finansiële behoeftes.²⁶

Die *NB en CV* het hoë aansien in Nederland geniet: bekende privaat bankiers en aandelemakelaars was betrokke by die nuwe bank. Ander vooraanstaande persone was R.W.J.C. van den Wall Bake, hoofdirekteur van die *NZASM* en van die *Batavische Ooster Spoorwegmaatschappij*; W.H. de Beaufort, lid van die Tweede Kamer van die Stategeneraal; J.E. Henny, advokaat in Amsterdam; G.M. Titsingh, "commissaris in effecten", J.E. Ameshoff, sekretaris van die *Nederlandsche Centraal Spoorweg Maatschappij*; H. Ameshoff, president van die *Nederlandsche Rhijnspoorweg Maatschappij* en A.D. de Marez Oyens, van die bankiershuis Labouchère, Oyens en Kie.²⁷

Die Koninklike bewilliging waardeur die oprigtingsakte van die *NB en CV* goedgekeur is, is op 1 Maart 1888 verleen op grond van 'n versoekskrif van H.C. Calkoen om die "naamlose vennootschap" *Nederlandsche Bank en Credietvereniging voor Zuid-Afrika* te Amsterdam ooreenkomstig artikels 36 tot 56 van die "Wetboek van Koophandel" te vestig.²⁸ Die formele oprigtingsakte is op 23 Maart 1888 deur middel van 'n notariële akte voor die publieke notaris J.C.A. Pollones voltrek en veertien dae later, op 6 April 1888, was die amptelike oprigtingsdag van die *Nederlandsche Bank en Credietvereniging*.²⁹

Die eerste "Raad van Commissarissen" van die *NB en CV* (die direksie) het bestaan uit R.W.J.C. van den Wall Bake; W.H. de Beaufort, lid van die Parlement en later Minister van Buitelandse Sake in Nederland; W.J. Geertsema; A. van Naamen van Eemnes en G.M. Titsingh.³⁰ Die eerste "directeur"/hoofbestuurder in Amsterdam was M. Hogerzeil, wat opgevolg is deur A. Kuipers en F. Kalff. 'n Raad van Toesig is ook benoem, bestaande uit J.M.A. Wolmarans, lid van die Uitvoerende Raad van die ZAR, en C.J. Joubert, hoofmynkommissaris, wat nou betrokke was by die stigting van die *NB en CV*.³¹

-
25. P.J. van Winter, *Onder Krugers Hollanders*, II, p. 88; E.H.D. Arndt, *Banking and Currency Development in South Africa*, p. 373.
 26. A.J. Bruwer, *South Africa: A Case for a National Gold and Banking Policy*, p. 108.
 27. Vgl. A.M. Joubert, "Geschiedenis van die *Nederlandsche Bank en Credietvereniging*", p. 118.
 28. NBA, HD/1, Koninklike Bewilliging, 1 Maart 1888.
 29. NBA, OB/14, 70 en 71: Copie van Akte van Oprigting en van Acte van Statutenwijziging, 23 Maart 1888 en 8 September 1903; TAB, SS2520, R1274/90, Notariële akte, 16/1/1890. (R138159/90).
 30. NBA, ASP/2:2, Herdenkingsuitgaven NBSA, Report and Balance Sheet for the year October 1936 - September 1937, p. 32; A.H. van Nierop en E. Braak, *De Nederlandsche Naamlose Vennootschappen*, Jaargang 1888, p. 54.
 31. NBA, ASP/5:2, *Het Afrikaansche Familieblad*, 2e Jaargang, Nr. 111, Maart 1900, p. 71; TAB, SS25-20, R12745/90, Notariële Akte, 16/1/1890.

Gedurende die eerste paar maande na sy aankoms in Transvaal het Hogerzeil moeite gedoen om die mense wat steun aan die bank belowe het, te ontmoet en om 'n studie te doen van die handelstoestande in en om Pretoria.³² Hierdie ondersoek het hom in staat gestel om die funksies van die bank beter te omskryf teen die agtergrond van die finansiële klimaat in Transvaal. J.H.E. Bal sou as medehoofagent saam met Hogerzeil die bank bestuur, maar hy het sy steun onttrek en Hogerzeil het alleen in Augustus 1888 die deure van die *NB en CV* in Pretoria geopen.³³ Die doelstellings van die bank is reeds in Junie 1888 bekend gemaak in 'n advertensie in *De Volksstem*.³⁴ Die bank is opgerig ooreenkomstig die ZAR-regering se voorname om van buitelandse kapitaal gebruik te maak vir plaaslike ontwikkeling. Die *NB en CV* het gevolglik onderneem om bank- en kredietbedrywighede in die volste sin van die woord aan te bied. Die bank sou ook boedels administreer en beredder, waardevolle sake vir rekening van derdes hanteer, versekering vir derdes behartig en behulpsaam wees met die oprigting van en deelname aan maatskappye met beperkte aanspreeklikheid ter bevordering in die landbou, nywerheid en handel in Suid-Afrika.³⁵ Dit is betekenisvol om daarop te let dat betrokkenheid by die pasgevonde kapitaalgenereerder vir Transvaal, nl. die goudmynbedryf, opvallend afwesig is. Die *NB en CV* was nie bereid om sake van spekulatiewe aard te onderneem nie en die goudmynbedryf het na die oordeel van die Nederlandse bankiers nog steeds 'n spekulatiewe gees geadem.

Die *NB en CV* het wel tydens die hewige en verwarrende konsessiestryd in Transvaal op die toneel verskyn, maar dit het geskied sonder ondersteuning van die ZAR-regering. Die oprigting het geskied op Nederlandse inisiatief en met Nederlandse kapitaal en was wel vir pres. Kruger 'n welkome uitkoms, aangesien hy dringend na 'n teenwig vir die Engelse banke wat hulle in Transvaal gevestig het vanuit die omliggende Britse kolonies, gesoek het.³⁶ In die oorwegend Engels georiënteerde finansiële/banksektor in Transvaal, het die *NB en CV* 'n belangrike plek ingeneem. Die bank het gedien as verteenwoordiger van die Nederlandse element in die ekonomiese gemeenskap en het 'n groot bydrae gelewer tot nouer bande op sake- en handelsgebied tussen Nederland en Transvaal, en later ook die hele Suid-Afrika.³⁷

Die *NB en CV* het vroeg reeds begin met die finansiering van handelstransaksies. Fondse is ook ter beskikking gestel van Nederlandse sakelui wat ondernemings in Transvaal wou vestig. Bedryfskapitaal is in sulke gevalle toegestaan. Uitvoertransaksies is ook deur die bank gefinansier. Die aanmoediging van die bank se kant om uitvoer na Transvaal te bevorder, was byvoorbeeld daarvoor verantwoordelik dat Nederlandse handelaars vrag aan boord die stoomskip, *Jason*, na Durban gestuur het. Dit was die eerste vrag goedere uit Nederland wat na Durban vertrek het. Hierdie gebeurtenis was die eerste manifestasie van die bank se oogmerk, nl. om handel met die ZAR te bevorder.³⁸ Ten aansien van kredietverlening en algemene banksake, het die *NB en CV* homself gou binne 'n uitgebreide werkkring in die ZAR bevind. Die sterk spekulatiewe gees wat vaardig was na die ontdekking van goud, het die klimaat vir 'n finansiële instelling soos die *NB en CV* baie moeilik gemaak. Daar was 'n legio versoeke om

32. Jaarverslag van die *NB en CV*, 1888, p. 3.

33. *Ibid.*, p. 3.

34. *De Volksstem*, 11 Junie 1888.

35. NBA, HD/2:14, Netherlands Bank of South Africa, en HD/2:29, *Uit de Geschiedenis van de Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika ter gelegenheid van haar Vyftigjarige Jubileum*; A.H. van Nierop en E. Baak, *De Nederlandsche Naamloze Vennootschappen*, Jaargang 1888, p. 54; S.F. van Oss, *Effectenboek voor 1939*, I. Binnenland, pp. 192-193.

36. NBA, ASP/5:5, *Overdrafts and Overwork: Memories of a South African Banker*, by Hendrik Altmann, p. 26.

37. NBA, ASP/2:1, Herdenkingsuitgaven, p. 2.

38. NBA, Jaarverslag van die *NB en CV*, 1888, pp. 4-5; ASP/5:20, *Financial Mail*, 13 April 1973: Spesiale uitgawe oor Nedbank, p. 19.

krediet, maar die *NB en CV* se beleid was om sy eie sekuriteit en voortbestaan voorop te stel, terwyl daar nog gesoek is na finansiële ewewig. Die bank moes noodwendig in 'n sodanige vloeibare finansiële klimaat en teen die agtergrond van beperkte bronne tot sy beskikking, uiters versigtig en beredeneerd optree. Nogtans het die bank op 31 Desember 1888 sy sake afgesluit met 'n voordelige saldo van fl. 2 405,45 (± £4 810.90).³⁹

'n Mate van onsekerheid het tog oor die *NB en CV* gehang kort na sy oprigting: die bank het ook daarin belanggestel om die konsessie vir die nasionale bank te bekom, maar het via Oyens aan die wedloop deelgeneem. Oyens het verskeie voorstelle aan die Volksraad gemaak, maar die grootste probleem was dat hy nie terselfdertyd ook belanggestel het in die muntkonsessie nie en daarom is sy voorstelle nie dadelik aanvaar nie. Ander voorstelle van Duitse belanghebendes was weer in ander opsigte meer aanvaarbaar vir die Volksraad. Die Duitse voorstelle het wel die oprigting van 'n munt ingesluit. Terselfdertyd was daar vooraanstaande burgers wat openlik meer ten gunste van 'n Duitse bank as 'n Nederlandse bank was, aangesien hulle van mening was dat Duitsland 'n meer doelmatige teenvoeter vir Engeland sou kon wees as Nederland. Pres. Kruger en Wolmarans het tog sterker ten gunste van Nederland se belange gevoel, maar die muntkwessie was steeds 'n struikelblok en die Regering wou nie 'n bank oprig wat vir die Nederlanders aanvaarbaar en vir die Duitsers onaanvaarbaar, en omgekeerd sou wees nie. Die gevaar dat 'n ontevrede Duitse gemeenskap hulle by die ontevrede Witwatersrandse uitlanders kon skaar, was té groot en iets wat liever vermy moes word. Die enigste oplossing was dat dié twee belangegroepes moes saamwerk.⁴⁰

Oyens het wel samewerking met Duitse bankiersbelange bewerkstellig, maar dié nuwe voorstelle was vir die Volksraad onaanvaarbaar. Oyens het daarna oorweging daaraan geskenk om die *NB en CV* as konsessionaris te gebruik en die aanduidings is daar dat hy regeringsteun daarvoor gehad het. Oyens het aan die einde van 1888 aan Hogerzeil, die *NB en CV*-hoofagent, voorgestel om verder onderhandelings namens die Nederlands-Duitse groep met die Regering te voer. Hogerzeil het egter voorgestel dat Oyens die bank moes help om sy eie kapitaal te verhoog sodat die *NB en CV* self die konsessie kon verkry. Ter ondersteuning van sy saak het hy briewe van een lid van die Uitvoerende Raad aan Oyens voorgelê. Ook met hierdie voorstel was die probleem dat die Regering reeds op Nederlands-Duitse samewerking aangedring het. Die Duitse sindikaat het in elk geval ook sy samewerking onttrek uit protes teen die pogings om die konsessie die *NB en CV* te laat toekom.⁴¹

Oyens het toe uiteindelik in Maart 1890 met die Brits-Duitse sindikaat wat saam met Labouchère, Oyens & Kie die konsessie verkry het, ooreengekom oor 'n nuwe konsessievoorstel en die ZAR-regering daarvan in kennis gestel. Hy het hierna nie meer van die *NB en CV* gebruik gemaak nie en op 5 Augustus 1890 is die konsessie finaal aan sy konsortium toegeken. Hogerzeil het intussen die diens van die *NB en CV* verlaat en saam met 'n Franse sindikaat in Februarie 1890 ook voorstelle vir die verkryging van die konsessie aan die Regering voorgelê. Hierdie persoonlike poging van Hogerzeil het geen sukses gehad nie.⁴² Die *NB en CV* het tog daarna weer self probeer om tog die Regering se simpatieke oorweging van sy eie voorstelle te verseker, maar sonder sukses. Die Uitvoerende Raad het Oyens reeds herhaaldelik verseker dat sy onderhandelingsvoorkeur geniet en derhalwe nie onderhandelings met die *NB en CV* kan aanknoop nie. Die direkteur van die *NB en CV*, Calkoen, het gevolglik in 1890 geskryf dat indien sy bank net een jaar vroeër gevestig was en nie verplig was om Oyens in ag te neem nie, die *NB en CV* daarin sou geslaag het om die konsessie vir die *Nationale Bank*

39. NBA, ASP/2:1, Herdenkingsuitgaven, p. 4.

40. P.J. van Winter, *Onder Krugers Hollanders*, II, pp. 89-94.

41. *Ibid.*, p. 95.

42. TAB, SS 2313, R5169/90, Hogerzeil en Singer - Staatssekretaris, 24/2/1890.

te verkry.⁴³

Die sake van die *NB en CV* sou gedurende sy vestigingsjare heeltemal anders daar uitgesien het indien die konsessie vir die *Nationale Bank* hom toegekom het. Die onsekerheid oor die verkryging daarvan al dan nie, het bygedra tot 'n huiwerige begin vir die *NB en CV*. Hierdie versigtige begin van die bank was waarskynlik ook daarvoor verantwoordelik dat daar bespiegel is oor die moontlike samesmelting van die *Nationale Bank* of oorname deur die *Nationale Bank*. Dat Oyens in Maart 1890 daarin geslaag het om die nuwe Nederlands-Duits-Britse sindikaat te vorm, was dit die voorneme om met die *NB en CV* te onderhandel oor same-smelting met die *Nationale Bank*. Lippert was ten gunste van sodanige samesmelting en Joubert en Wolmarans, die twee lede van die ZAR-regering op die Raad van Toesig van die *NB en CV*, het ook moeite gedoen om die *NB en CV* tot nasionale bank uit te brei.⁴⁴ Daar was wel bespiegelings dat die *NB en CV* deur die nuwe *Nationale Bank* oorgeneem sou word⁴⁵, maar dit blyk dat daar nooit enige ernstige onderhandelings in dié verband plaasgevind het nie.⁴⁶

Bestuur en werksaamhede van die bank tot 1902

Kragtens die *Akte van Oprigting* is die bestuur van die bank opgedra aan 'n directeur (hoofbestuurder) wat in Amsterdam by die Hoofkantoor gesetel was en hy het gestaan onder die toesig van die *Raad van Commissarissen* (raad van Direkteure), ook in Amsterdam. Die bank is verteenwoordig deur hoofagente (algemene bestuurders) en agente (takbestuurders) in die lande waar sake gedoen is.⁴⁷ Die eerste direkteur was H.L. Calkoen, maar in 1892 is hy ná 'n ernstige siekbed oorlede. Hy is opgevolg deur J.B. Loman, wat die amp tot 1908 beklee het.⁴⁸ Die eerste hoofagent van die bank in Transvaal was M. Hogerzeil. Aanvanklik sou Hogerzeil as mede-hoofagent optree saam met J.H.E. Bal, maar lg. het oor sleutelaspekte van die bank se werksaamhede van Hogerzeil verskil en gevolglik bedank. Hogerzeil het wel beweer dat hy iemand gevind het om as medehoofagent op te tree, maar daar het niks van gekom nie. Hogerzeil het in 1888 alleen as hoofagent die werksaamhede van die *NB en CV* geloods.⁴⁹

Calkoen het spoedig probleme ondervind met die wyse waarop Hogerzeil sy verpligtinge uitgevoer het. Eerstens het Hogerzeil 'n moeilike persoonlikheid gehad en het hy met sy medewerkers gebots. Calkoen en Hogerzeil het ook oor belangrike banksake verskil. Tweedens het Hogerzeil onversekerde krediet toegestaan en dit was lynreg in stryd met die versigtige benadering van die hoofbestuur in Amsterdam en hulle uitdruklike voorskrifte aan hom. Hogerzeil het ook versuim om sy optrede en besluite behoorlik aan Amsterdam toe te lig. Derdens het Hogerzeil nagelaat om weekliks per brief verslag aan Amsterdam te doen.⁵⁰ Hogerzeil het uiteindelik op 30 Junie 1890 uit sy pos bedank, hoewel hy Transvaal reeds vroeër verlaat het.⁵¹

43. P.J. van Winter, *Onder Krugers Hollanders*, II, pp. 97n en 99.

44. *Ibid.*; Eerste Nasionale Bank Museum, Notules van die Raadsvergadering van die Nasionale Bank van die ZAR, 29 April 1891, p. 83.

45. SBA, GMO 3/1/26, General Manager - London Office, 29/10/1890, pp. 754-755; GMO 3/1/27, 10/6/1891, p. 375.

46. Vgl. A.M. Joubert, "Die Geskiedenis van die Nederlandsche Bank en Credietvereniging", p. 129.

47. Vgl. NBSA, OB/14:70, Copie van Acte van Oprigting.

48. *Ibid.*, Arts. 16 en 17; NBSA, Jaarverslag van die *NB en CV*, 1892, p. 4.

49. NBA, H.L. Calkoen, Boek 1, 16 Mei 1888 - 22 Januarie 1891, Calkoen - Van Naamen van Eemnes, 28/5/1888, en Calkoen - Hogerzeil, 30/5/1888.

50. Vgl. A.M. Joubert, "Geschiedenis van die Nederlandsche Bank en Credietvereniging", pp. 144-148.

51. NBA, Jaarverslag van die *NB en CV*, 1889, p. 4; Algemene Rijksarchief, Tweede Afdeling, Kleinere Persoons- en Familie-archieven, (21.183A-C), Collectie W.H. en J.A.A.H. de Beaufort, Nr. 8, 11/1/1889.

Die vestiging van die *NB en CV* as 'n bank in Transvaal is ernstig gekniehalter deur dié bestuursprobleme. Calkoen het na Hogerzeil se bedanking vir F. Kalff en A. Kuipers onderskeidelik as hoofagent en medehoofagent aangestel. Kalff het in Augustus 1888 by die *NB en CV* se hoofkantoor in Pretoria diens aanvaar. Sy aanstelling is vroeg in 1890 in Amsterdam bekragtig.⁵² Kuipers was 'n gevolmagtigde van die *Nederlandsche Maatschappij voor Electriciteit en Metallurgie* in Transvaal. Kuipers het, voordat hy lg. betrekking opgeneem het, gewerk by die *Nederlandsche Bank, N.V.*⁵³ (die sentrale bank van Nederland). Hierdie twee persone is wel op gelyke voet aangestel, maar Kalff is as die senior amptenaar beskou uit hoofde van sy langer ervaring by die *NB en CV* en sy hoër ouderdom. Kalff en Kuipers het nie goed klaargekom nie: die grootste probleem was blykbaar dat Kuipers nie behoorlik in sy pos gepas het nie en gevolglik 'n ongemotiveerde amptenaar was. Sy oordeel was ook nie altyd suiwer nie en besluite wat hy geneem het, het soms ongunstige gevolge vir die bank gehad. Calkoen kon alleen teen Kuipers optree indien Kalff 'n amptelike klag teen Kuipers inbring. Daartoe was Kalff nie bereid nie; hy het eerder aan die hand gedoen dat hy bedank en dat die bestuur van die bank oorgedra word aan H.C. Jorissen en L.G. Vorstman, twee amptenare by die hoofkantoor in Pretoria.⁵⁴

Hierdie bestuurskrisis het homself uiteindelik opgelos: Kalff is in Maart 1891 oorlede en Kuipers het aan die bestuurder van die *Standard Bank* se tak in Pretoria in Julie 1891 geskryf dat hy uit sy amp bedank het.⁵⁵ Calkoen het dadelik na Transvaal vertrek. Dit was van die uiterste belang dat die publiek vertrou in die *NB en CV* moes behou. Die jaar 1890 was vanuit 'n bank-finansiële oogpunt in Suid-Afrika 'n krisisjaar, aangesien 'n verskeidenheid finansiële instellings dit moeilik gevind het om hulle verpligtinge na te kom as gevolg van hulle betrokkenheid by aandeespekulasie ná die opening van die Witwatersrandse goudmyne. Banke wat by dié onoordeelkundige kredietverlening betrokke was, was kniediep betrokke by die ineenstorting van banke in die jare 1890. Lokale banke soos die *Cape of Good Hope Bank*, *Union Bank* en *Paarl Bank* moes swig voor die druk van groot banke. Dit het aanleiding gegee tot die 1890/91 bankkrisis: van die dertig-stuks kleiner banke in die Kaapkolonie, het net vier oorgebly, nl. die *Kaffrarian Bank*, die *Westelike Provinsie Bank*, die *Worcester Commercial Bank* en die *Stellenbossche Distriksbank*. Die *African Banking Corporation* het in 1891 boonop eersgenoemde drie oorgeneem sodat net die *Stellenbossche Distriksbank* die krisis oorleef het.⁵⁶

Onder hierdie omstandighede het Calkoen vir H.C. Jorissen en L.G. Vorstman as die nuwe hoofagente van die bank aangestel. Jorissen was die seun van die eertydse staatsprokureur van die ZAR en reeds 'n geruime tyd in diens van die bank. Hy het juis 'n leidende aandeel geneem in die vestiging van 'n agentskap (tak) van die *NB en CV* in Johannesburg in 1890 en het as agent daar opgetree tot sy aanstelling as hoofagent. Vorstman se agtergrond is minder bekend, maar Kalff het hom as opvolger voorgestel. Calkoen het voorbehoude gehad teen die aanstelling van Vorstman, maar het dit laat vaar ter wille van stabiliteit in die werksaamhede van die *NB en CV*.⁵⁷ Die *NB en CV* het ná die aanstelling van Jorissen en Vorstman vir die eerste keer rustigheid en stabiliteit in sy bestuur in Transvaal ondervind. Hierna het die bank se sake beter ontwikkel. Die nuwe hoofagente het hulle pligte ten aansien van weeklikse ver-

NBA, H.L. Calkoen, Boek I, 16 Mei 1882 - 22 Januarie 1891; Calkoen - Van Naamen van Eemnes, 9/8/1888, en Calkoen - Kalff, 28/1/1889; NBA, Boek 1, Amsterdam-Pretoria, 1 April 1899 - 25 Junie 1890, 14/1/1890.

53. *Ibid.*, Amsterdam-Pretoria, 15/1/1890.

54. NBA, Boek I, Calkoen - Kalff, 17/9/1890, 8/11/1890, 4/12/1890.

55. SBA, GMO 3/1/27, General Manager - London Office, 29/7/1891.

56. F.L. Coleman, *Economic History of South Africa*, pp. 141-142; NBA, Jaarverslag van die *NB en CV*, 1889, p. 4; 1890, p. 4; 1891, pp. 3 en 4.

57. NBA, Boek II, Amsterdam-Pretoria, 2 Julie 1890 - 7 Augustus 1891, 5/2/1891 en 4/3/1891

slae aan die direkteur in Amsterdam nagekom en die hoofbestuur in Nederland kon op dié wyse die bedrywighede van hulle bank dophou.

Die Raad van Toesig, wat in 1888 bestaan het uit C.J. Joubert, Hoof van Mynwese, en J.M.A. Wolmarans, lid van die Uitvoerende Raad in die Krugerrgering, moes die optrede van die hoofagente onder vier oë dophou en verslag daaroor en aangaande ekonomiese omstandighede in Transvaal op 'n gereelde grondslag aan Amsterdam lewer. Hierdie Raad het nie sy verpligtinge nagekom nie en was direk verantwoordelik daarvoor dat Calkoen binne die eerste vier jaar van die *NB en CV* twee keer die ZAR moes besoek.⁵⁸ Voorts het Joubert sy posisie sodanig misbruik dat sy persoonlike finansiële posisie teen 1892 vir die bank 'n verleentheid geword het en hy gevra is om te bedank.⁵⁹ Die Raad van Commissarissen het in Maart 1892 besluit om die Raad van Toesig af te skaf en Wolmarans as gedelegeerde kommissaris aan te stel, met volmag om plaaslik namens die Raad van Commissarissen op te tree.⁶⁰

Die bevoegdhede van die hoofagente in Pretoria was beperk. Normale banksake het ten volle binne die diskresie van die agente in Pretoria, Johannesburg, Potchefstroom en Brugspruit geval, maar die hoofagent het streng kontrole uitgeoefen en verslag aan Amsterdam in dié verband gedoen. Die hoofagente het streng toesig gehou oor sake soos kredietverlening, personeelaangeleenthede en salarisse. Die takke is gereeld geïnspekteer met die oog op besoeke van die direkteur uit Amsterdam. Uitgebreide weeklikse verslae is na Amsterdam gestuur en alle korrespondensie is deur die hoofagente self behartig. Eers later is K.F. van den Berg as sekretaris van die hoofagente aangestel en het hy die verslae behartig.⁶¹

Die personeel van die bank het bestaan uit Nederlanders wat hoofsaaklik vir die bestuursposte uit Nederland aangestel is, asook plaaslik gewerfde amptenare vir die klerklike werk in die takke en geleidelik ook takbestuurders. Selfs nog in dié jare 1960 was dit beleid dat die topstruktuur van die bank deur Nederlanders gevul moes word.⁶² 'n Baie hoë premie is geplaas op die lewering van goeie gehalte diens aan die publiek en dit is dus van amptenare verwag om stiptelik en konsensieus te wees. Hoewel dit voorkom asof die *NB en CV* se personeelbeleid heeltemal tred gehou het met die algemene praktyk van die ander banke in daardie tyd in Suid-Afrika, het die bank feitlik weekliks met bedankings te doen gehad.⁶³ Slegs ongetroude dames is in diens geneem en indien hulle huwelikstatus verander het, moes hulle die diens van die bank verlaat.⁶⁴ Daar was nie 'n vaste beleid ten aansien van jaarlikse verhogings nie⁶⁵ en bonusse is alleen betaal indien die Raad van Commissarissen die betrokke jaar se resultate as baie goed bestempel het. In 1896 is 'n bonus van 10% betaal, in 1897 8% en in 1898 geen.⁶⁶ Teen die begin van 1903 was 26 persone in diens van die *NB en CV*.⁶⁷

Die *NB en CV* is opgerig met 'n gemagtigde kapitaal van fl. 2 400 000 (£200 000), waar-

-
58. NBA, Boek I, Amsterdam-Pretoria, 1 April 1889 - 25 Junie 1890, Calkoen - Hogerzeil, 21/1/1890.
59. NBA, DC/1, Pretoria-Amsterdam, Nr. 11, 14/4/1892 en Boek III, Amsterdam-Pretoria, 7 Augustus 1891 - 26 Augustus 1892, 2/6/1892.
60. NBA, DC/1,k Pretoria-Amsterdam, Nr. 8, 18/3/1892.
61. A.M. Joubert, "Geschiedenis van die *Nederlandsche Bank en Credietvereniging*", p. 159.
62. Vgl. G. Verhoef, *Die Geschiedenis van Nedbank, 1945-1973*, pp. 217-221.
63. A.M. Joubert, "Geschiedenis van die *Nederlandsche Bank en Credietvereniging*", pp. 159-160.
64. *Ibid.*
65. NBA, DC/2:9, Pretoria-Amsterdam, 26/3/1892; DC/2:43, Pretoria-Amsterdam, 4/2/1893; DC/2:51, Pretoria-Amsterdam, 14/4/1893; Boek IV, Amsterdam-Pretoria, 7/12/1894-6/12/1895, Brieue van 28/12/1894, 4/1/1895, 19/4/1895, 26/4/1895.
66. NBA, DC/3: 135, Pretoria-Amsterdam, 24/12/1898; DC/3: 174, Pretoria-Amsterdam, 12/6/1899; DC/3: 182; Pretoria-Amsterdam, 7/8/1899.
67. NBA, Jaarverslag van die *NBvZA*, 1903, p. 2.

van aanvanklik slegs fl. 600 000 (£50 000) uitgereik is.⁶⁸ Verdere kapitaaluitgifte is in 1889 en 1890 gedoen en in 1897 is die gemagtigde kapitaal verhoog tot fl. 4 800 000 (£400 000) en die uitgereikte kapitaal tot fl. 4m (£333 334).⁶⁹ Die gemagtigde en uitgereikte kapitaal van die *NB en CV* het tot 1902 onveranderd gebly.

Die bedryfkapitaal was egter nooit voldoende vir maksimale uitbreiding van die bank se sake nie. In 1888 het Amsterdam £15 828 ter beskikking van die *NB en CV* in Transvaal gestel en die bank het plaaslik £3 263 in die vorm van lopende rekenings, £102 in die vorm van deposito's en £1 501 van diverse krediteure ontvang. Dit beteken dus dat die bank £20 964 tot sy beskikking gehad het om finansiering en ander dienste te lewer aan openbare sowel as privaatmaatskappye met beperkte aanspreeklikheid in die landbou, nywerheid en die handel.⁷⁰ Teen 1902 het die kapitaal uit Amsterdam, lopende rekenings, deposito's en diverse krediteure £722 439 beloop, 'n toename van 28,7%, saamgestelde jaarlikse groei. Dit verteenwoordig indrukwekkende groei, maar was nogtans nie voldoende in die lig van die versoeke tot finansiële hulp wat na die bank gekom het nie. Verskeie pogings is aangewend om lenings oorsee, veral in Frankryk, te bekom, maar sonder veel sukses.⁷¹ Lenings is wel aangegaan by die *NZASM* en die Pretoria Hypotheek Maatschappij.⁷² Die kenmerkende van die *NB en CV* se werksaamhede tussen 1888 en 1902 was die fondsetekort as gevolg waarvan verskeie winsgewende transaksies van die hand gewys moes word.

Daar was 'n verskeidenheid redes vir die bank se algemene fondsetekort. In die eerste geval moet die geografiese verteenwoordiging van die bank in ag geneem word. Teen 1902 het die *NB en CV* slegs oor vier takke beskik, nl. Pretoria, Johannesburg, Potchefstroom en Brugspruit, terwyl die *Standard Bank*, die *African Banking Corporation* en natuurlik die *Nationale Bank* veel beter verteenwoordiging geniet het. Die *NB en CV* was dus nie in staat om fondse oor die hele Transvaal aan te trek nie. Voorts het die bank hom doelbewus uit sake met die goudmynbedryf gehou uit vrees vir die riskante en spekulatiewe aard van sodanige sake, veral aangesien die bedryf nog so jonk en ongevestig was. Die bank het eerder daarop gereken om voordeel te trek uit die algemene ekonomiese oplewing, meegebring deur die goudmynbedryf. Die derde rede was die uiters versigtige beleid van die bestuur in Amsterdam ten aansien van die sake van die *NB en CV*. Hoë sekuriteitstelling is vir fasiliteite vereis en die geringste niënakoming van kredietvoorwaardes is met streng optrede begroet. Dié beleid het wel vrugte afgewerp in soverre dat slegte vorderinge beperk is, maar het nie daartoe bygedra dat die breë publiek hulle sake na die *NB en CV* oorgebring het nie. In die vierde geval het die onstabiele ekonomiese en politieke omstandighede in die ZAR tussen 1888 en 1902 ook nie die vestiging van 'n nuwe bank besonder vergemaklik nie. Waar die *NB en CV* se werksaamhede baie sterk gesteun het op nywerheids- en landbouproduktehandel, het die geringste versteuring van die handel die bank onmiddellik geraak. In die lig van die bank se beperkte takverteenwoordiging en die feit dat toestemming van Amsterdam vir soveel sake eers afgewag moes word, is dit begryplik dat die bank uiters sensitief was vir enige konjunkturskommelings.

Bogenoemde omstandighede het ook die aanwending van die bank se fondse beïnvloed. Artikel 3 van die Akte van Oprigting het bepaal dat die bank finansiering sou voorsien aan openbare en privaat maatskappye met beperkte aanspreeklikheid, betrokke by die landbou, nywerheid en handel. Die bank was uit die staanspoor bedag op spekulatiewe sake, waarin die bank hoegenaamd nie betrokke wou wees nie. Dit was die rede waarom die *NB en CV* nie sy

68. NBA, OB/14:70, Copie van Acte van Oprigting, Art. 4.

69. NBA, Jaarverslae van die *NB en CV*, 1889-1899.

70. Vgl. NBA, OB/14:70, Copie van Acte van Oprigting, Art. 3.

71. Vgl. NBA, OB/14:70, Copie van Acte van Oprigting, Art. 3.

72. NBA, Boek VI, Amsterdam-Pretoria, 7 Desember 1894 - 6 Desember 1895, 7/1/1895.

ontwikkeling aan die goudmynbedryf wou koppel nie. Die bank het met 'n paar "veilige" transaksies begin en hoewel die *NB en CV* hom nie geheel en al van die goudmynbedryf gedistansieer het nie, is transaksies met dié sakesektor tot die minimum beperk en wanneer wel aangegaan, het die bank volledig sy risiko's verreken. Geen fondse is tot die beskikking van spekulante in goudaandele gestel nie en die bank het nie deelgeneem aan transaksies op die Johannesburgse Effektebeurs nie.⁷³

Die *NB en CV* was slegs by een geleentheid betrokke by goudaandele. Hogerzeil, die eerste hoofagent, het baie belanggestel in die koop van goudaandele. Hy wou dit koop en later verkoop wanneer wins gemaak kon word. Dit was sterk in teenstelling met die opdrag van die Bestuur in Amsterdam aan die bank in Pretoria. Calkoen het egter op Hogerzeil se aandrang in Junie 1888 toestemming gegee dat £7 000 tot Hogerzeil se beskikking gestel word met die uitsluitlike doel om in goudaandele te belê. Calkoen het voorgestel dat 'n sindikaat of konsortium opgerig word om die administrasie en kontrole te vergemaklik.⁷⁴ Die magtiging het daartoe gelei dat Hogerzeil in April 1889 Sindikaat A en in Augustus 1889 Sindikaat B in Transvaal geregistreer het. Sindikaat A het goudaandele gekoop en Sindikaat B het mynkleims opgekoop en teen 'n wins aan prospekteerders verkoop. Die oogmerk van die twee sindikate was 'n korttermynbelegging, maar steeds het dié blootstelling aan die goudmynbedryf nie die goedkeuring van die Raad van Commissarissen weggedra nie. In November 1889 het Amsterdam Hogerzeil opdrag gegee om Sindikaat A te likwideer. Die Bestuur in Amsterdam het aangevoer dat die sindikate nie as permanente ondernemings beskou moes word nie: "... men wilde wel eens zijn geluk beproeven maar niet voortdurend met Shares blijven speculeren".⁷⁵ In Junie 1892 het Calkoen opdrag gegee dat Sindikaat B in sy geheel verkoop moes word.⁷⁶

Met beide sindikate het die *NB en CV* maar marginale sukses behaal. Dit was duidelik dat die bank hom via Hogerzeil op 'n terrein bevind het waar die Bestuur in Amsterdam hom nie wou gehad het nie. Die sake, ten aansien waarvan die *NB en CV* in sy eerste bedryfsjaar fasiliteite voorsien het, was verbande op eiendom, invordering ten gunste van derdes, diskontering van wissels en ander handelspapier.⁷⁷ Die algemene Bestuurder van die *Standard Bank* het in verslae aan sy bank se Raad van Direkteure in Brittanje meermale daarop gewys dat die *NB en CV* eintlik baie min sake gedoen het buiten die voorsiening van voorskotte op grond van vaste eiendom as sekuriteit.⁷⁸

Die bank het ook die sake van sekere maatskappye behartig. Die belangrikste van dié maatskappye was die dinamietmaatskappy, *Zuid-Afrikaansche Maatschappij Voor Ontploffbare Stoffen (De Plof)*.⁷⁹ Die meeste van die ondernemings wat hulle tot die *NB en CV* gewend het om bestuurshulp, was onder bestuur van Nederlanders en het tot dié stap oorgegaan toe hulle sake minder gunstig begin verloop het. Die bank het egter ook 'n groot gedeelte van sy kundigheid en fasiliteite aangewend vir die finansiering van buitelandse transaksies. Met sy betrokkenheid by maatskappye soos *De Plof* en die *NZASM* (hoewel die *Nationale Bank* lg. se bankiers was), is die bank dikwels genader om fasiliteite vir die finansiering van invoertransaksies.⁸⁰

73. NBA, Boek I, Amsterdam-Pretoria, 1 April 1889 - 25 Junie 1890, 7 Augustus 1889.

74. NBA, H.L. Calkoen, Boek I, 16 Mei 1888 - 20 Januarie 1891, Calkoen - Hogerzeil, 12 Junie 1888.

75. *Ibid.*, 20/11/1889, 27/11/1889, 11/12/1889 en 18/12/1889.

76. NBA, Boek III, 7 Augustus 1891 - 26 Augustus 1892, Amsterdam - Pretoria, 10 Junie 1892; Boek IV, Amsterdam-Pretoria, 2 September 1892 - 1 Desember 1893, 20 Junie 1893.

77. NBA, Jaarverslag van die *NB en CV*, 1888, p. 4.

78. A. Mabin en B. Conradie, *The Confidence of the Whole Country. Standard Bank Reports on Economic Conditions in Southern Africa, 1865-1902*, pp. 267 en 276.

79. NBA, Boek I, Amsterdam-Pretoria, 1 April 1889 - 25 Junie 1890, 21/5/1889.

80. NBA, DC/1:15, Pretoria-Amsterdam, 11/6/1892, en DC/1:23, Pretoria-Amsterdam, 5/8/1892.

Die *NB en CV* se bates in die vorm van diskonterings, verbande, wissels en voorskotte op lopende rekenings in 1888 (lg. 2 poste uitgesluit in 1888), was £15 622. Teen 1899 het dit £349 048 beloop en teen 1902 £618 138. Dit verteenwoordig 'n saamgestelde jaarlikse groei van 30,05% tussen 1888 en 1902. Die beste aanduiding van die sukses van die bank gedurende sy beginjare is die toename van sy wins. In 1888 het die bank uit hoofde van rente ontvang en kommissie gehef, £992 wins getoon, teenoor £54 730 in 1902, 'n toename van 33,8% saamgestelde jaarlikse groei.

Die groeiprestasie van die *NB en CV* tot 1902, toe die bank net vier takke in Transvaal gehad het, staan in beter perspektief wanneer sy prestasie vergelyk word met dié van die *Standard Bank*, wat die oudste bank was wat in daardie stadium sake in Transvaal gedoen het. In 1888 het die *NB en CV* £4 866 ontvang in lopende rekenings, deposito's en van diverse krediteure. Daarteenoor het *Standard Bank* se deposito's alleen £4 683 342 beloop. Die *Standard Bank* se verpligtinge teenoor die publiek in Suid-Afrika (sy kapitaal uitgesluit) het in 1902 toegeneem tot £19 439 805. Dit verteenwoordig dus 'n groei van 10,7% per jaar in *Standard Bank* se deposito's in Suid-Afrika. Die *Standard Bank* se totale voorskotte aan die publiek en die regerings van die Kaapkolonie, Natal en Transvaal was £4 254 574 in 1888. Teen 1899 was *Standard Bank* se diskonterings en voorskotte reeds £7 072 272 en in 1902 £9 116 795 wat 'n saamgestelde groeiakoers van 5,6% per jaar verteenwoordig. Dit beteken dat die *NB en CV* se diskonterings en voorskotte in 1902 net 6,8% van *Standard Bank* s'n was, teenoor 0,4% in 1888. *Standard Bank* se wins was ook veel groter as dié van die *NB en CV*: in 1888 het die *Standard Bank* £143 435 wins getoon en in 1902 £136 561. Die jaar 1902 was vir die *Standard Bank* 'n uiters swak jaar en die 1902 winssyfers reflekteer nie die ware groei van dié bank nie. In Desember 1900 het die *Standard Bank* £194 261 wins getoon, maar in 1901 het dit reeds gedaal tot £187 916.⁸¹

Dit is nie heeltemal 'n geldige vergelyking om die volume banksake van die *NB en CV* met dié van die *Standard Bank* te vergelyk nie, daar lg. sake gedoen het in die Kaap, Natal en Transvaal, terwyl die *NB en CV* net in Transvaal werksaam was. Die rede waarom die vergelyking tog gedoen word, is om die relatiewe gunstige posisie en prestasie van die *NB en CV* uit te wys.

Die oorlogsjare 1899-1902 het beide die *Standard Bank* en die *NB en CV* benadeel. Die benadeling van die *NB en CV* was groter, aangesien die bank net verteenwoordiging gehad het waar oorlog gevoer is. Die *NB en CV* het gedurende die oorlog sy sake so normaal as moontlik probeer voortsit, maar kort na die uitbreek van die oorlog was die bank verplig om sy tak in Brugspruit te sluit. Dit is eers in Augustus 1902 heropen en het daarna sodanig gegroei dat dit tot 'n volwaardige tak omskep is.⁸² Die staking van werksaamhede deur die goudmyne het die algemene sakebedrywighede in Johannesburg sodanig gestrem dat die *NB en CV* sy werksaamhede in Johannesburg byna geheel en al gestaak het.⁸³ Uiters onsekere omstandighede in Wes-Transvaal het die bank ook teen die einde van 1900 genoop om sy tak in Potchefstroom tydelik te sluit. Dié tak se boeke is na sy Johannesburgse tak oorgeplaas. Nadat Brittanje

81. A. Mabin en B. Conradie, *Confidence of the Whole Country*, pp. 530-532, Bylaag met Standard Bank Statistiek, 1866-1902.

82. NBA, Jaarverslag van die *NB en CV*, 1899, p. 5; DC/4:10, Pretoria-Amsterdam, 30/12/1899; NBA, Boek XVI, Amsterdam-Pretoria, 14 Februarie 1902 - 18 Julie 1902, 20/6/1902; DC/5:29, Pretoria-Amsterdam, 12/7/1902; DC/5:30, Pretoria-Amsterdam, 19/7/1902; DC/5:32, Pretoria-Amsterdam, 2/8/1902; DC/5:33, Pretoria-Amsterdam, 9/8/1902.

83. NBA, Jaarverslag van die *NB en CV*, 1899, p. 5.

Potchefstroom as basis vir sy werksaamhede in Wes-Transvaal aanvaar het, het die *NB en CV* in April 1901 sy tak in Potchefstroom heropen.⁸⁴

In die Jaarverslag van 1899 het die bank verklaar dat hy tot “werkloosheid gedwongen” was en maar ’n afwagende houding moes inneem.⁸⁵ Die bank se werksaamhede het egter beperk gebly tot die ontvangste van deposito’s en die uitbetaling van tjeks. Wisseltransaksies behartig deur die *NB en CV* het egter noemenswaardig toegeneem aangesien die *NB en CV* die vakuum kon aanvul toe Engelse banke deur die Britse Hoë Kommissaris in Kaapstad verbied is om met wisseltransaksies voort te gaan.⁸⁶ Die *NB en CV* het selfs gedurende die oorlog daarin geslaag om suksesvol nuwe aandele uit te gee.⁸⁷ Die bank het gedurende die oorlog ook sy ooreenkomste met banke oorsee aansienlik uitgebrei.⁸⁸ Die twee belangrikste terugslae vir die *NB en CV* gedurende die oorlog was die verbanning van sy hoofagent en die weiering om sy note as wettige betaalmiddel te erken. Die hoofagent, H.C. Jorissen, is vroeg in 1901 uit Transvaal na Pietermaritzburg verban. Die rede vir die verbanning is nie bekend nie. Jorissen het daarin geslaag om magtiging te kry om Europa toe te gaan,⁸⁹ en hy is eers ná vredesluiting toegelaat om na Transvaal terug te keer.⁹⁰

Die tweede terugslag was Proklamasie 4 van 21 Julie 1900 deur die Britse besettingsowerheid, ingevolge waarvan sekere banke wel toegelaat is om met sake voort te gaan, maar onderhewig aan streng voorwaardes. Deposito’s kon ontvang word en tjeks mag uitbetaal word, maar lg. mog nie groter as £20 wees nie. Dié bepaling het die *NB en CV* nie so erg getref as die bepaling dat die *NB en CV* se note nie as wettige betaalmiddel by regeringskantore aanvaar sou word nie. Die *NB en CV* is as ’n vreemde bank beskou en vertoë tot die owerhede het geen sukses gelever nie.⁹¹

Na die ondertekening van die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 het sake in Transvaal geleidelik na normaal teruggekeer. Vanaf Junie 1902 het die *NB en CV* ’n welkome oplewing in banksake beleef. Die bank het nie teruggedeins vir die Britse bewind nie en in sy Jaarverslag van 1902 is verklaar: “... onze instelling is op dit oogenblik krachtiger dan te voren; een Nederlandsche bank vindt in Zuid-Afrika ook onder Engelsch bestuur een veld, waarop zij ongestoord met vrucht kan werken.”⁹² Met die pogings van heropbou ná die oorlog het die bank ’n sterk stroom aansoeke om lenings ontvang en dit het weer eens die gebrekkige fondseposisie van die bank beklemtoon.⁹³ Soos die geval met die ander banke, het die *NB en CV* ook ’n behoefte aan uitbreiding gehad. Dit is veral wenslik geag dat die bank sy verteenwoordiging na die hawestede uitbrei en op 1 Februarie 1903 het die bank ’n tak in Kaapstad geopen.⁹⁴ Dié nuwe tak was van besondere historiese belang vir die *NB en CV*, want dit was sy

-
84. NBA, Jaarverslag van die *NB en CV*, 1900, p. 7; DC/4:34, Pretoria-Amsterdam, 28/8/1900; DC/4:51, Pretoria, 13/12/1900; DC/4:62, Pretoria-Amsterdam, 1/3/1901; DC/4:64, Pretoria-Amsterdam, 15/3/1901.
 85. NBA, Jaarverslag van die *NB en CV*, 1899, p. 4. Vgl. DC/4:12, Pretoria-Amsterdam, 25/1/1901.
 86. NBA, Jaarverslag van die *NB en CV*, 1899, p. 5.
 87. NBA, DC/4:12, Pretoria-Amsterdam, 25/1/1900. Vgl. DC/4:13, Pretoria-Amsterdam, 9/1/1900.
 88. NBA, DC/4:28, Pretoria-Amsterdam, 18/7/1900.
 89. NBA, Boek XIV, Amsterdam-Pretoria, 4 Januarie 1901 - 23 Augustus 1901, 1/2/1901, 8/2/1901, 1/3/1901 en 15/3/1901; DC/4:56, Pretoria-Amsterdam, 1/2/1901.
 90. NBA, Boek XVI, Amsterdam-Pretoria, 14 Februarie 1902 - 18 Julie 1902, 5/6/1902 en 20/6/1902; DC/5:45, Pretoria-Amsterdam, 1/11/1902.
 91. NBA, DC/4:29, Pretoria-Amsterdam, 25/7/1900; TAB, Governor of the Transvaal and Orange River Colony, B 452, PS 86, 19/7/1900, 20/7/1900 en 7/8/1902.
 92. NBA, Jaarverslag van die *NB en CV*, 1902, p. 4.
 93. NBA, DC/5:45, Pretoria-Amsterdam, 1/11/1902.
 94. NBA, Boek XVI, Amsterdam-Pretoria, 25 Julie 1902 - 12 Desember 1902, 12/9/1902 en 7/11/1902; DC/5:30, Pretoria-Amsterdam, 19/7/1902; DC/5:32, 2/8/1902 en DC/5:42, 11/10/1902.

eerste tak buite Transvaal. In Junie 1902 is ook besluit om die naam van die bank te verander van die *Nederlandsche Bank en Credietvereniging voor Zuid-Afrika* na die *Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika* (in Engels: *Netherlands Bank of South Africa*). Die nuwe naam was meer in ooreenstemming met die Engelse banke se gebruik van “of South Africa” en sou geleidelik ingevoer word.⁹⁵

Samevatting

Dit was duidelik dat die *Nederlandsche Bank* hom in Transvaal gevestig het met die vaste voorneme om permanent deel te word van die finansiële gemeenskap daar. Die bank se werksaamhede was teen die einde van 1902 nog baie elementêr, maar nadat die aanvanklike vestigingsprobleme te bowe gekom is, was dit duidelik dat die bank op 'n vaste grondslag stabiele groei geopenbaar het. Die vermyding van betrokkenheid by die spekulatiewe goudmynbedryf het waarskynlik veroorsaak dat baie winsgewende sake by die *NB en CV* verbygegaan het, maar het andersyds verseker dat die bank nie uitgelewer is aan die fluktuasies van dié bedryf nie. Die bank se betrokkenheid by die finansiering van binne- en veral buitelandse handel en by vaste eiendom was meer gewaarborg en stabiel. Die versigtige en verantwoordelike benadering van die bank gedurende sy vestigingsjare het die grondslag gelê vir voortgesette binnelandse groei. Die verandering van die bank se Engelse naam na 'n instelling van Suid-Afrika het bygedra tot die vertroue in die bank as 'n instelling wat die ontwikkeling van die land waarin hy gevestig is, op die hart dra. Dié gesindheid van die bank, sy bekwame en verantwoordelike bedryfsbeleid en die besondere kundigheid van sy hoof-agente en direkteure was verantwoordelik daarvoor dat die topamptenare van dié bank in die jare 1920 deur die regering betrek sou word by die oprigting van die *Suid-Afrikaanse Reserwebank*.

Teen 1902 het die *Nederlandsche Bank* die aanvanklike vestigingstroom oorleef en het die pad van geleidelike groei in Suid-Afrika voorgelê.

95. NBA, Boek XV, Amsterdam-Pretoria, 14 Februarie 1902 - 18 Julie 1902, 11/7/1902; DC/5:25, Pretoria-Amsterdam, 14/6/1902.

AFKORTINGS

NBA: Nedbank Argief
 SBA: Standard Bank Argief
 TAB: Transvaalse Argiefbewaarplek